**5 November** **Skrifgedeelte: Johannes 16:16-33**

## Nuut gebore in Christus

Jesus verduidelik aan sy dissipels dat Hy gaan sterf en gaan opstaan en dat hulle uitmekaar gejaag gaan word, maar dat alles weer ten goede sal verander. Dit is wat Hy van Joh 13 af doen. Hy vergelyk “hierdie gebeure” met die geboorte van ‘n kindjie en sê dat die geboorteproses eintlik al begin het (verse 21, 22), want sy lyding het al begin. Hy vat dit alles in vers 33 saam: Hulle (ons!) kan vrede vind in Hom; in die wêreld gaan dit moeilik wees; hulle moet moed hou (en dus biddend besig bly – verse 23, 24) Hy het die wêreld klaar oorwin! Sy dissipels het gedink dat hulle nou alles verstaan (verse 29,20), maar eintlik was dit nog soos voor ‘n babatjie se geboorte. Hulle sou eers later die volle werklikheid van Jesus se sterwe en opstanding verstaan. Dan sou hulle verstaan hoeveel Hy werklik moes ly, maar hulle sou ook verstaan watter wonderlike dinge Hy vir ons kom gee het. Ons leef vandag ná hierdie “geboorteproses”. Jesus het inderdaad klaar die sonde en die wêreld oorwin. Ons moet hierdie blydskap ervaar. Jy hoef nie te wag op die verlossing nie. Jy het dit reeds! Jy weet mos wat jy glo en in Wie jy glo. Dank die Here dat jy hierdie evangelie ken, glo en jou eie gemaak het. Leef nou dankbaar verder as ‘n verloste kind van die Here en bid dat die genade van God die Vader, Seun en Heilige Gees jou lewe beheers.

*Sing: Skrifberyming 10:1,2* *Wyle dr AGS Venter (Randburg-Oos)*